KONTIKI Preprimêr
Posbus 28076
Danhof
9310
Tel: (051) 436 3370
E-pos: info@kontiki.co.za
Webwerf: www.kontiki.co.za

Skoolreëls en Algemene Inligting

1. Toelatingsvereistes

a) Kleuters word toegelaat die jaar wat hulle 4 word en mag die Preprimêre Skool bywoon tot aan die einde van die jaar waarin hulle 6 word, of indien skoolvrystelling verkry is, die jaar wat hulle 7 word.

b) Kleuters moet reeds in staat wees om onafhanklik die toilet te gebruik. Geen fopspene of doeke word toegelaat nie.

c) Immuniseringskaarte moet op datum wees met toelating tot die Preprimêre Skool, asook met die toetrede tot die Primêre Skool. 'n Afskrif van die immuniseringskaarte, asook van die kleuter se geboortesertifikaat moet saam met die aansoek ingedien word.

d) Ouers word versoek om nie kleuters sonder grondige rede uit die skool te hou nie en om die skool voor 08:30 in kennis te stel wanneer 'n kleuter afwesig sal wees.

e) Enige medisyne **moet** in die betrokke klas se **medisyneregister** aangeteken word. **GEEN MEDISYNE SAL TOEGEDIEN WORD AS DIT NIE IN DIE REGISTER OPGETEKEN IS NIE!!** Die medisyne moet aan die onderwyseresse oorhandig word. **Moet dit asseblief nie in die kleuter se tas los nie!** Hierdie is slegs medikasie wat **nie** by die huis gegee **kan** word nie.

f) Enige probleme rakende u kleuter moet sonder versuim met die skoolhoof bespreek word. Sy is daagliks van 08:30 tot 12:30 of tussen 12:30 en 15:00, per afspraak, beskikbaar.

g) Ons as personeel nooi u vriendelik uit om ons te besoek met enige navrae oor u kleuter se aanpassing en ontwikkeling.
Die onderwyseresse is elk een middag 'n week by die skool tot u beskikking. Meer inligting hieroor is by die klasonderwyseresse beskikbaar.

h) Nuwe kleuters sal gedurende hulle eerste twee weke van skoolbesoek geleidelik by die skoolroetine ingeskakel word. Ouers moet reël om hulle vroeër te kom haal gedurende hierdie tyd of soos deur die onderwyseres bepaal. Kleuters van die Seeperdjieklas kan ook gedurende hierdie tyd bietjie later afgelaai word.

2. Skoolure

a) Soggens: 08:00 – 13:00
Middagsorg: 14:00 – 17:15

Oopsluittyd: 07:00 (ander personeel begin 7:15)
Aankomstyd: 07:00 – 08:00
Vertrektyd: 12:30 – 13:30 vir halfdagkleuters

Skool sal gesluit wees gedurende openbare vakansiedae en vakansies.

b) Die laaste skooldag van elke kwartaal het die personeel 'n binding-/opleidingsessie. Die skole sluit dus vir die kleuters die dag voor die tyd. Ons is dan oop tot 17h00.
Die einde vd jaar sal die skool op die laaste **Vrydag** van die skoolkwartaal sluit en dit om 10h00.

c) Geen kleuter wat laat kom sal tussen 8:00 en 8:30 in die klasse toegelaat word nie. Indien u kleuter laat is, sal hy/sy by die ontvangsarea bly totdat die onderwyseres klaar is met haar oggendkontaksessie. **Let wel dat die klas stiptelik om 8:00 begin en u word versoek om asseblief hierdie reël te eerbiedig.**

d) Geen kleuter mag voor **12:30** gehaal word nie, tensy vooraf toestemming by die skoolhoof verkry is. Gedurende storietyd sal die klaskamerdeure toe wees. Ouers mag eers hulle kleuters kry wanneer die deure om 12:30 deur die onderwyseres oopgemaak word. Indien u toestemming verkry het om u kleuter wel vroëer te kom afhaal, moet dit voor 12:00 geskied.

e) **Kleuters wat na 14:00 afgehaal word, betaal middagsorg. Ouers wat hulle kleuters in die middae na 17:15 kom afhaal sal beboet word met R50 vir elke 5 minute wat hulle laat is.**

f) Ons verkies dat kleuters nie gedurende skoolure gehaal word vir ander buitemuurse aktiwiteite nie. Indien u iets moet reël, soos doktersafsprake en terapiesessies, verkry toestemming by die skoolhoof.

g) Saamrygeleenthede vir kleuters word nie aanbeveel nie, aangesien kontak tussen die ouerhuis en die skool baie belangrik is.

h) **Ouers mag nie die kleuters by die voordeur afsien nie, maar moet hulle vergesel tot by haar/sy speelkamer.** Kinders word nie toegelaat om self die voorhek oop en toe te maak nie. Elke ouer moet toesien dat die veiligheidshek gesluit is nadat u daardeur beweeg en dat geen vreemde kinders in hierdie tyd alleen by die hek in- of uitbeweeg nie.

i) Toegang tot die geboue word verkry deur 'n vingerafdruktoestel. Vingerafdrukke sal gedurende die eerste paar weke van die nuwe skooljaar gelaai word.

j) Neem spoedig, maar op 'n rustige wyse afskeid van u kleuter en gee aan die kind die nodige versekering oor wie hom/haar kom haal. Dit is makliker vir u kind as u nie by die skool vertoef nie.

k) Geen kleuter sal aan ‘n onbekende persoon gegee word nie. Indien u as ouer nie self u kleuter kom haal nie, **MOET u skriftelik aandui wie die kleuter kom afhaal.**

l) Die dagprogram begin om 08:00 en sluit die volgende in:
Oggendkontak: Bybelkring, weer en nuus.
Skeppende aktiwiteite: Knip, teken, verf, plak en klei.
Oggendkring: Musiek, beweging, persepsie en taal.
Verversingstyd, vryspel buite, opruim van aktiwiteite, storietyd en toiletroetine.

m) Die middagsorg bestaan uit:
Etenstyd, toiletroetine, rustyd, vryspel en verversingstyd.
Kleuters MOET na etenstyd vir ‘n uur rus. Ons verwag nie van die kleuters om gedurende hierdie uur te slaap nie, maar hulle moet rustig op hulle bedjies lê.

3. Skoolgelde

a) Alle nuwe aansoeke betaal ‘n intreefooi van R300 om die kleuter se plek te bevestig. Hierdie intreefooi is NIE TERUGBETAALBAAR NIE.

b) Die skoolgelde word vir u gerief in 11 paaiemente ingedeel.

c) Skoolfonds vir elke betrokke maand moet teen die 7de van daardie maand inbetaal wees (dus vooruitbetaalbaar).

d) As u debietorder nog nie teen die 7de Januarie afgaan nie, moet Januarie se skoolfonds by die bank inbetaal word en die bewys van betaling by die kantoor ingedien word, met u kind se naam op as verwysing.

f) Indien u skoolgelde vir **een maand agterstallig is, sal daar 7 dae kennis per skrywe geskied. As u skoolgelde 1 maande agterstallig is, word die rekening aan skuldinvorderaars oorhandig en na 2 maand sal u kind die skool verbied word.**

j) Kleuters moet elke jaar heraansoek doen vir hulle plekke vir die daaropvolgende jaar. **As u skoolgelde teen die 7de November enigsins agterstallig is, sal die besluit by die beheerliggaam berus of u weer ‘n plek toegestaan gaan word of nie. Kleuters wie se skoolgeld op datum is behoort sonder enige probleme aan te beweeg na die volgende klas.**

k) Gr. R kleuters betaal ‘n deposito wat aan die einde van hulle graad R jaar gebruik word vir die laaste skoolfooipaaiement. Sien die beleid van graad R skoolfooie vir meer inligting hieroor.

l) Alle gelde moet by Kontiki se bankrekening inbetaal word. Vir u kind se veiligheid, sal **geen kontant by die skool aanvaar word nie.** Gebruik asseblief u kleuter se naam en van as ‘n verwysing. Bewyse van alle gelde oorbetaal moet by die kantoor

ingehandig word, tesame met ’n deeglike uiteensetting waarvoor die gelde is. U behoort ook ’n kopie hiervan te hou.

m) Let asb. daarop dat die skool 2 bankrekeningnommers het. Die een is vir skoolfooie en middagetes. Die ander rekening is vir enige fondsinsamelingsprojekte. U gebruik by albei die kleuter se rekeningnommer as verwysing.

n) Indien u kleuter nie meer ons skool gaan bywoon nie, **MOET u ‘n maand skriftelik kennis gee**. Daar is ook ‘n kansellasievorm by die ontvangs beskikbaar wat ingevul moet word.

o) Tariewe:
Sien Skoolgelde en Verdere Riglyne vir betalings, soos aangeheg.

p) Korting op skoolfooie:
Korting word slegs toegestaan indien skoolfooie vir ‘n jaar vooruit betaal word.

q) **Bankbesonderhede** vir alle oorbetalings:

Bank:	ABSA
Tak:	Prellerplein
Rekeningnaam:	Kontiki Preprimêre Skoolfonds
Rek.nommer:	405 895 9196

r) Enige navrae in verband met u maandelikse state kan per e-pos aan ons rekenmeester gerig word by:
romano@dbgs.co.za

Die kleuter se rekeningnommer **moet** alle korrespondensie vergesel.

4. Kleredrag

a) Kontiki kleredrag is by Tunika (Dan Pienaar rylaan) beskikbaar. Een Kontiki hempie is verpligtend en moet gedra word op Vrydae, sowel as op uitstappies. Daar is ook broekies, rompies en baadjies beskikbaar, maar die dra daarvan is opsioneel.

b) Alle kleuters moet ‘n stel skoon klere en ‘n trui of ligte baadjie by die skool laat of in hulle tassies hê. Hierdie ekstra stel is noodsaaklik omdat kleuters soms mors of ‘n glipsie kry. **Merk asseblief die klere duidelik!**

c) Kleuters **moet asseblief ou klere** skool toe aantrek, sodat hulle vrylik kan speel en met gemak kan ontdek en verken. In die somer moet die kleuters verkieslik kaalvoet skool toe kom. Hulle voetjies is aan die groei en skoene soos plakkies, **plastieksandale en hakskoentjies** is onveilig op die apparaat en belemmer spel.

d) Vermy asseblief “gevaarlike” klere met kappies en toutjies, omdat diè klere maklik aan apparaat kan vashaak en u kleuter beseer. Plastiek hakskoentjies val ook in hierdie kategorie, aangesien dit kleuters hinder om vrylik te ontdek.

e) Juwele en grimering mag nie deur die kleuters gedra word nie. Klein oorkrabbertjies is wel toelaatbaar.

f) Selfhelp-klere is ‘n vereiste.

g) Kleuters mag ‘n skoolsak of tassie bring om sy/haar besittings in te bêre. Die grootte van die tas word bepaal deur die grootte van die tasrakkie in die klas. Tasse moet gemaklik in die rakkie pas en nie uithang nie.

5. Kleuterbenodighede

a) Alle halfdag kleuters moet asb. ’n boks sneesdoekies per kwartaal skool toe stuur. Voldagkinders moet ook ‘n pakkie wetwipes saamstuur.

b) Die skool mag verder vra dat een pak skryfbehoeftes per kind aangekoop word (per jaar).

c) Die klasonderwyseres mag van die ouers vra om een bak-en-brou bestandeel aan te koop gedurende die jaar.

6. Uitstappies

a) Elke kwartaal poog ons om aan die kleuter die volgende te bied: ten minste een uitstappie weg van die skool, een by die skool en een poppekasvertoning.

b) Die uitstappiegeld is reeds by die skoolfooie ingereken.

c) Daar word van ouers verwag om aan die begin van elke jaar ’n Vrywaringsvorm te teken rondom uitstappies.

d) **Die Vrywaringsvorm is van kardinale belang en geen kleuter mag daarsonder die skoolgronde verlaat nie.** As ouers sou verkies om kleuters nie op n spesifieke uitstappie te stuur nie, vra ons dat die kleuter op die spesifieke dag by die huis gehou sal word.

d) Met weg uitstappies sal die skool ‘n bus reël. Onkostes hiervoor sal deur die skool betaal word.

f) Kontiki kleredrag moet op uitstappies aangetrek word.

h) Op spesiale dae (dae wat enigsins afwyk van die normale roetine) **mag** die kleutertjie **piekniekkossies** inpak. Piekniekkossies is al die “verbode kossies”, soos lekkergoed, aartappelskyfies en koeldrank insluit.

i) Ouers moet asseblief op uitstappie-dae vir die kleuter sy piekniekkossies in ‘n **duidelik gemerkte plastieksakkie** pak. Dit is gemakliker om die eetgoed so saam te karwei en dan net die sakkies weg te gooi. Koeldrank moet verkieslik ook in ‘n weggooihouertjie wees.

7. Verversings

Oggend:

a) Kleuters eet ontbyt by die huis.

b) Elke kleuter bring sy/haar verversings vir 10h00 in ‘n duidelik gemerkte plastiese kosbakkie skool toe.

c) **GEEN lekkergoed of soetkoekies** mag in die kosblikke ingepak word nie.

d) Kleuters mag wel ‘n bottel water saamstuur (geen koeldrank asb).

e) Slegs broodjies, vrugte, droë vrugte, vrugtestafies, neute, joghurt, ontbytstafies, koue vleis, worsies of soutkoekies is toelaatbaar.

f) Heerlike, gebalanseerde middagetes is beskikbaar by die skool teen ‘n ekstra fooi per maand. Hierdie etes **MOET maandeliks vooruit, skriftelik bestel en betaal word.** Etes sal nie oorgedra word nie en indien u kleuter afwesig is, sal die ete verbeur word. Indien u kleuter nie meer die middagete by die skool gaan eet nie moet u **skriftelik kanseleleer, anders moet die etes steeds betaal word.** Daar is vir hierdie doeleindes n kansellasievorm voor by ontvangs beskikbaar. Ons wil graag hierdie etes aanbeveel, omdat dit tot voordeel van u kleuter is om ‘n gebalanseerde ete te nuttig.

g) Die middagetes se fooi bly maandeliks dieselfde (ongeag hoeveel dae die maand het).

h) Kleuters wat nie van die middagetes gebruik gaan maak nie, bring ‘n eie middagete, in ‘n plastiese houer skool toe. **Merk asseblief die kosblikkies duidelik.**

i) Dieselfde reëls geld vir die inhoud van die kosblik as vir die oggendkosblik. U is welkom om gekookte kos in te pak. Soggens moet u die middagkos in die yskas in die kombuis plaas. Kookkos sal warm gemaak word.

j) Na opstaantyd sal die skool aan die kleuters verversings verskaf. Ons poog om dit gesond te hou, maar een dag ‘n week is daar ‘n soet bederfie.

k) Middagetes neem eers in aanvang in die tweede week na die skole geopen het in Januarie.

l) Geen middagetes sal in Desember bedien word nie.

8. Verjaarsdae by die skool

a) Geen uitnodigings word uitgestuur nie. Die kleuter se naam sal die vorige dag op die klasdeur aangebring word.

b) Eetgoed moet aan die hele klas verskaf word.

c) Verbode eetgoed word by partytjies toegelaat.

d) Kleuters wat nie by Kontiki ingeskryf is nie, sal nie toegelaat word om die partytjie by te woon nie.

e) Ouers van die verjaarsdagkleuter mag die verrigtinge bywoon.

f) Die partytjie sal plaasvind gedurende oggendverversingstyd (10h00 tot 10h30). Die eetgoed **moet** dus teen 10h00 by die skool wees.

g) Geen blaas- of raasgoed nie.

9. Middagsorg

a) Meeste van die reëls vir die oggende geld ook vir middagsorg.

b) Alle middagsorgouers **MOET** die uittekenregister teken, wanneer die kleuter huis toe gaan.

c) Geen speelgoed mag middagsorg toe gebring word nie.

d) Elke middagsorgkleuter MOET ‘n tas hê om sy/haar goed in te bêre.

e) As die kleuter enige dag nie vir middagsorg gaan bly nie, moet die skool daarvan in kennis gestel word.

f) Ouers mag op ‘n ongereelde basis van middagsorg gebruik maak teen die middagsorg dagfooi. Wanneer **halfdag kleuters vir middagsorg** gaan bly, **moet dit vooraf gereël** word.

g) Die skool het bedjies vir middagkleuters. Ouers moet kleuters voorsien van ‘n klein vierkantige kussinkie, asook ‘n ligte kombers vir die koue dae. Albei **duidelik gemerk**.

h) Van middagsorgouers word verwag om elke kwartaal ‘n pak wetwipes (hervulpak) te koop.

i) Ouers word ‘n kode geallokeer en dit moet ten alle tye gebruik word om toegang tot die skool te verkry. Veral in die middae tussen 14h00 en 15h00, wanneer die kleuters in die klasse rus, is daar niemand voor by ontvangs om die hek oop te maak nie en die klokkie word nie altyd in die klasse gehoor nie.

j) Die skool is gesluit gedurende publieke vakansiedae asook gedurende die skoolvakansies.

10. Kindersiektes

a) Ouers word versoek om alle olike kleuters tuis te hou. Dit sluit in kleuters met koors, oog- of maaginfeksie, griep, mangelontsteking en so meer. Siek kleingoed is huilerig en baie veeleisend. Die onderwyseresse het egter ander kleuters om na om te sien en kan nie die nodige aandag aan so siek kleintjie gee nie. ‘n Kleuter wat te siek is om buite te speel, is te siek om skool toe te kom.

b) As ‘n kleuter by die skool siek word, sal die onderwyseres skakel. Gee asseblief gehoor aan hierdie oproep, aangesien ons slegs sal skakel as ons voel dat die kleuter intensiewer aandag benodig.

c) ‘n Kleuter met aansteeklike siektes **moet by die huis gehou word, totdat die kleuter ten volle herstel het.**

Aansteeklikheid van kindersiektes:

Kinkhoes	vandat begin hoes vir ± ‘n maand
Masels	tot 5 dae na uitslag verdwyn het
Pampoentjies	tot 3 dae na swelling gesak het
Duitse masels	tot 4 dae na uitslag verdwyn het
Waterpokkies	totdat die rofies uitgedroog het
Witseerkeel	tot heeltemal genees
Skarlakenkoors	tot heeltemal genees
Tetanus(klemkaak)	hoogs aansteeklik tot heeltemal genees
Tering	tot behandeling gestaak (6 – 9 maande)

d) Duitse Masels is baie gevaarlik gedurende die eerste 4 maande van swangerskap. Ons sal u onmiddelik in kennis stel sodra daar ‘n uitbreek hiervan in die skool is, sodat swanger mammas volgens hulle eie diskresie kan handel.

e) Diaree (gastro) is uiters aansteeklik en ouers word versoek om dit soos ‘n aansteeklike siekte te hanteer.

f) ‘n Kleuter met gordelroos, omlope of ringwurm moet by die huis gehou word totdat die kind **heeltemal** gesond is! Dit is baie aansteeklik.

g) Kopluise is baie moeilik om te beheer as dit eers posgevat het. Dit is ook hoogs aansteeklik. ‘n Kleuter met kopluise se ouers sal onmiddelik versoek word om hom/haar uit te haal totdat die kwaal onder beheer is. Die nete moet uitgekam word en ‘n kleuter sal eers weer toegelaat word om die skool by te woon as daar geen nete meer op die kop is nie. Sien ook die skool se beleid oor kopluise.

11. Fondsinsamelings en ouerfunksies

a) Bywoning van oueraande en skoolaktiwiteite is verpligtend.
Die oueraande is slegs vir ouers en die kleuters moet dan asseblief by die huis gelaat word.

b) Fondsinsamelings sal gehou word ten einde fondse te bekom, maar ook om interaksie tussen ouers en kleuters te bewerkstellig. U word vriendelik versoek om hierdie pogings te ondersteun.

12. Evaluering en Skoolgereedheidstoetse

a) Kleuters word halfjaarliks geëvalueer. Volledige verslae rakende u kleuter se vordering sal halfjaarliks uitgereik word. Gr R leerders kry elke 3 maande ‘n volledige verslag.

b) Tydens ‘n persoonlike onderhoud aan die einde van die tweede kwartaal word u kleuter se verslag met u as ouer bespreek. Sorg asb. dat u ‘n afspraak met die onderwyseres maak hiervoor. Indien moontlik verkies dat albei ouers dit bywoon.

c) Die verslae moet aan die einde van die kwartaal by die klasonderwyseres afgehaal word en dan weer op die eerste dag van die nuwe kwartaal terugbesorg word.

d) Skoolgereedheidstoetse word, deur ‘n opgeleide persoon, teen ‘n fooi, by die skool afgeneem.

13. Buitemuurse Aktiwiteite

a) Daar word verskeie Buitemuurse Aktiwiteite by die skool aangebied. Meer inligting is op die kennisgewingbord in die voorportaal beskikbaar.

b) Hierdie aktiwiteite se administrasie word self, deur die betrokke persone, hanteer en het niks met die skool te doen nie.

c) Die skool neem ook geen verantwoordelikheid vir enige gelde van buitemuurse aktiwiteite nie.

14. Algemeen

a) Omsendbriewe word op ons D-6 kommunikeerder geplaas. Dit is die ouers se verantwoordelikheid om seker te maak dat hulle die brief ontvang. Kopieë van die nuusbrief sal altyd by ontvangs beskikbaar wees.

b) Let daarop dat die skool se syhek in Generaal Hertzogrylaan dien as INGANG en die hek in Graaf Reinettstraat, aan die voorkant van die skool dien as UITGANG. Hierdie reeling geld met spitstye (wanneer albei hekke oop is) vanaf 07h00 tot 08h00, 12h30 tot 13h30 en 16h30 tot 17h00. (Die ander tye word die syhek toegemaak as ‘n veiligheidsmaatreel).

c) Wanneer u vind dat ‘n opvoedkundige stukkie apparaat of speelding wat aan die skool behoort, tuis beland het, moet u dit asseblief dadelik aan die skool terugstuur. Dit mag net ‘n belangrike, onvervangbare deeltjie wees. Kleuters is nog klein en “steel” nie doelbewus nie. Ons gaan dit ook nie van u kind dink as u die speelgoed terugstuur nie. Dit sluit ook klere van ‘n ander maatjie in.

d) Aangesien Suid-Afrika se persentasie velkankergevalle die hoogste ter wêreld is, vra ons dat u kleuter van ‘n pet voorsien word, wat tydens buistespel gedra kan word. Smeer ook u kleuter soggens met ‘n goeie blokkeermiddel teen gevaarlike sonstrale.

e) U moet die skool onmiddelik van enige verandering van adres en/of telefoonnommer in kennis stel.

f) Kleuters mag onder **GEEN** omstandighede **speelgoed** skool to bring nie. Speelgoed sal gekonfiskeer word en eers aan die einde van die kwartaal teruggegee word.

g) U kleuter se veiligheid buite die gebou is u verantwoordelikheid.

h) Onthou asb. dat daar klein kindertjies is in die parkeerarea. Hulle is onvoorspelbaar en mag dalk voor die karre inhardloop. **Ry dus stadig en kyk rond!**

i) **Hou asseblief te alle tyd die veiligheidhek toe!**

j) Alle afval produkte soos wol, geleentheidskaartjies, lint, materiaal, boksies, proppies, papier, stukkies hout, saagsels, skroefies, moertjies, boutjies, teëls, sponse, goiing en koerantpapier, asook gebruikte papier waarvan die een kant skoon is, is welkom.

k) ‘n Afskrif van beide ouers se ID dokument moet aan die inskryfvorm vasgeheg word.

l) Kontiki se voertaal is Afrikaans en funksioneer volgens Christelike waardes.

Die skoolreëls is onderworpe aan wysigings wat die besluit van die Beheerliggaam mag wees. Dit sal dan diensooreenkomstig met u gekommunikeer word.

KONTIKI BESKIK OOR TOEGEWYDE EN GOED OPGELEIDE PERSONEEL, ASOOK GEKWALIFISEERDE LEERKRAGTE. HIER WIL ONS GRAAG ‘N BESONDERE BYDRAE LEWER TOT DIE VOORSKOOLSE ONTWIKKELING VAN U KLEUTER! DIE HOOP WORD GEKOESTER DAT U KLEUTER SY/HAAR SKOOLJARE BY KONTIKI PREPRIMêRE SKOOL SAL GENIET.

Volle naam en van .....
Identiteitsnommer .....
Woonadres .....
.....
Werksadres .....
Telefoonnommer .....
Selnommer .....
e-Pos adres .....

as ouer / voog van die volgende kinders .....
.....

erken hiermee die ontvangs en lees van die skool se inligtingstuk.

Ek onderneem om te hou by die skool se reëls en regulasies. Ek begryp dat die skoofooie ‘n gedeelde verantwoordelikheid is en dat dit vir ons gerief in 11 paaiemente verdeel word. Ek onderneem om hierdie paaiemente op datum te betaal.

Geteken te ..... op hierdie ..... dag van ..... 20.....

.....
Handtekening van Vader

.....
Handtekening van Moeder

Kleuter se naam: .....

Indien die Ouer se adres soos in die aanhef vermeld nie die gesamentlike adres van beide ouers / voogde van die kind is nie, moet die volledige besonderhede van die ander ouer / voog verskaf word:

Volle naam en van .....
Identiteitsnommer .....
Woonadres .....
.....
Werksadres .....
Telefoonnommer .....
Selnommer .....
e-Pos adres .....

Verwantskap met kind .....

Watter ouer moet gekontak word in verband met die betaling van die skoolfooie?

.....

Dit is ouers se eie verantwoordelikheid om D6 af te laai sodat nuusbriewe beskikbaar sal wees.